'n Bediening gebore uit verleentheid

CHRISTO VAN DER MERWE

Christo van der Merwe is vir die afgelope 20 jaar predikant van die Ned. Hervormde gemeente Kemptonpark-Oos. Hy is ook deeltyds dosent in Praktiese Teologie by UP en die HTO. Sy spesialisveld is gemeentebou en sy gemeente is vir die afgelope 15 jaar besig met 'n gemeentebouproses.

Ongeveer 15 jaar gelede het die NH gemeente Kemptonpark-Oos begin met 'n gemeentebouproses. Van die begin af was een van die grootste uitdagings vir die gemeente om te vind wat Malan Nel noem "'n gesonde balans tussen woord- en daadgetuienis". Soos hy sê: Die gesonde teologiese spanning wat daar wel tussen woord- en daadgetuienis bestaan, gaan immers nie om 'n keuse tussen die twee nie. Dit is eerder 'n kreatiewe spanning wat die beste uit die bediening van die gemeente haal en die gemeente na twee kante toe afbaken en bewaar – teen 'n goedkoop, daadlose gepraat oor die liefde van God aan die een kant en 'n ewe goedkoop, evangelielose hulpverlening aan die ander kant. Dit was in dié proses dat daar iets van 'n missionêre diakonaat in die gemeente op die been gekom het. As ons egter vandag terugkyk, moet ons erken: Eintlik is die besondere bediening gebore as gevolg van 'n stuk verleentheid wat ons al sterker aan die lyf gevoel het.

Die kerk irrelevant?!

Die gemeente had 'n baie intensiewe evangelisasie-program waarin aanvanklik die EE III en later die Hervormde Kerk se verwerking van die EE III, die GETP, en nog later die Getroue Getuies "aggressief" gebruik en gedryf is (deur weeklikse opleiding, besoeke opvolg ens). Ten spyte daarvan dat ons op daardie stadium gemeen het dis 'n goeie pastorale bediening van die gemeente, het ons net al hoe meer besef dat die gemeente, ten spyte van al ons ywer, toenemend besig was om geloofwaardigheid te verloor in wat ons seker met reg sou kom noem, die sekulêre gemeenskap om ons. Laat ek egter hier net eers baie duidelik sê dat ek met hierdie artikel op geen manier enige van die evangelisasie-modelle wat gebruik word, wil afskiet, verdag maak of die waarde daarvan twyfel trek nie. Inteendeel! Ons dilemma het op 'n ander vlak gelê.

Geloofwaardigheid … Hoe?

Ons dilemma het op dieselfde vlak gelê as wat George Barna aanraak in sy boekie *We have seen the future: the demise of Christianity in Los Angeles County*. Net in ons geval was die stadige maar seker "afsterwe" van die Christendom duidelik in ons eie omgewing ten spyte van al die kerk se "harde en getroue werk". Wanneer ons vandag terugkyk, besef ons ons was op daardie stadium in werklikheid so met onsself en ons eie oorlewing besig, dat ons nie besef het in watter mate ons toe alreeds die verstaan van ons gestuurdheid in 'n stukkende wêreld verloor het nie. Die vraag waarmee ons gekonfronteer is, was eenvoudig: Hoe kan die gemeente as liggaam van Jesus Christus geloofwaardig word in ons sekulêre gemeenskap? Byna in die lyn met wat Steve Sjogren vra in sy boek *Conspiracy of Kindness*: "What approach will capture the attention of the non-Christian society around us?" Want een ding was seker: Die uitsluitlike woordgetuienis van ons evangelisasie-program, ons huisbesoek, ons eredienste en kategese het die mense buite die kerk klaarblyklik net nie meer aangespreek nie – maak nie saak hoe eerlik dit bedoel is of hoe intensief dit aangepak en aangebied is nie. Dit het trouens vir ons gevoel of die kerk, ten spyte daarvan dat sy die draer van die Blye Boodskap is, vir die mense in ons omgewing net al hoe meer irrelevant raak.

Steve Sjogren se woorde het ons aan die dink gesit: “We do not serve a performance-oriented deity but a God of mercy and forgiveness. Failing to carry out an act of mercy we know God has placed before us amounts to disobedience and sin.” Ons het begin besef dat indien ons gemeente skielik om een of ander rede nie meer sou bestaan nie, sou die gemeenskap om ons na alle waarskynlikheid absoluut niks mis nie. Die vrae oor wie ons is en waarheen ons op pad is, het van ons verantwoordelike antwoorde gevra. In dié proses van gemeentebou het veral die denke van Malan Nel en wyle prof David Bosch ons koppe help draai.

Die groot vraag

Die vraag: “Hoe kommunikeer die gemeente die evangelie ook na buite?” het die kernvraag in die gemeentebouproses geword. Ons het begin soek na ’n balans tussen die “in- en uit-asem” van die evangelie. Die gemeente het begin droom van die moontlikheid oor ’n koskas, ’n geldkas en ’n klerekas, wat naas die verkondiging van die evangelie vir mense fisiese hulp en hoop kon verleen. Die idee was om in lyn met Jak 2:16 onmiddellik saam met die goeie nuus, deur middel van kos, klere en geld hulp en hoop te kon voorsien vir wie ook al dit nodig gehad het. Na ’n aanvanklike baie beskeie begin, groei die gemeente steeds in hierdie bediening. Aart Peters sê in sy boek Tot Uw dienst (Zoetermeer, 2000) “diaconaat is wezen en kenmerk, opdracht en functie van de (plaaslike) gemeente in de samenleving voor mensen in de knel in navolging van Christus. De diaconale opdracht en functie zijn, evenals de missionaire, wezen en kenmerk van het gemeente zijn.”

Die koskas

Die koskas is begin deur gemeentelede te vra om te bring wat die Here hulle op die hart lê om te bring. Kruideniersware is gevra deur Sondae ’n lys van basiese benodighede binne-in ’n plastieksak aan motors se deure vas te maak. Die gemeentelede bring steeds gereeld hulle bydraes, maar die koskas word tans ook aangevul met donasies en skenkings van oraloor. Fabrieke, kosleweransiers en ander instansies wat hoor waarmee ons besig is, dra soms by. Soms word ruim geskenk, ander kere minder ruim, maar die feit is dat die koskas in die afgelope tien jaar nog nooit leeg was nie en ons kon op enige gegewe moment vir enigeen wat om hulp kom aanklop het, genoeg gee om te oorleef.

Daar word jaarliks ’n fees van oorvloed gehou. Tydens dié fees samel ons buiten vir kos ook onder meer bruikbare gebruikte klere, komberse, kussings, gordyne en elektriese toebehore in en deel uit. Met die koskas gaan dit baie soos met die twee vissies en vyf brode. Dis asof dit meer word hoe meer mense gehelp word. Die koshulp word sonder voorwaardes en voorbehoude gegee. Hoe meer die gemeentelede bewus gemaak word van behoeftes en hoe meer terugvoering gegee word oor hulp en hoop wat gegee en ontvang is, hoe minder raak die olie in die kruik op.

Die klerekas

Die klerekas het mettertyd ontwikkel in ’n klereprojek. Gebruikte klere, klere van afgestorwe lidmate, nuwe klere soos skooluniforms waar nodig en selfs ’n klerefabriek se bydrae van ’n paar lorrie-vragte kouse, balletklere en sportklere vorm die basis van die klereprojek. Die projek het ontwikkel in ’n bediening waar nie net mense in, om en buite die gemeente in ons onmiddellike omgewing gehelp word nie. Ook die teologiese studente by die Hervormde Teologiese Opleiding by Hammanskraal anderkant Pretoria, kry klere vir eie gebruik en om te verkoop ten bate van hulle studieskuld en sakgeld. Die gemeente van ds Joël Mmako in die Kekane Village plakkerskamp baat by die projek, asook die plakkersgemeenskap in en om die Hammanskraal area.

Die geldkas

Die geldkas word hoofsaaklik gedra deur die diakonale fondse. In ons geval is dit elke Sondag se deurkollekte asook die nagmaaltafel kollekte. Gereelde terugvoering aan die gemeente lei daartoe dat lidmate én nie-lidmate ruim skenkings maak vir dié geldkas. Die diakens is vir die geldelike hulp verantwoordelik. Hulle bestuur, beheer en kontroleer alle hulp. Die fondse is sodanig dat huishuur, skoolgelde, mediese rekeninge ensomeer waar dit werklik nodig is, aangesuiwer kan word.

Ook hier beleef ons iets van die weduwee se kruik. Dis asof daar maar net altyd geld is vir wat ook al die behoefte op ’n gegewe stadium is. Uit hierdie bediening het ’n hele aantal bedienings ontwikkel. Die nood aan kos, klere en geld is gewoonlik net die oortjies van die seekoei. So het ons byvoorbeeld bewus geraak van die behoefte van gesinne wat bejaarde ouers tuis versorg. Senior personeel van St Johns en ’n mediese dokter lei lidmate op om tuisverpleging en bejaardesorg te kan doen, wat gelei het tot die vestiging van ’n hoogs professionele bediening.

’n Hele wêreld gaan oop

’n Wêreld van groot seer en talle geleentehede om hulp en hoop te gee, het voor ons oopgegaan. Dit het gou duidelik geword dat baie van die mense wat diakonaal gehelp is met fisiese hulpbronne, ’n lang geskiedenis van seer het. ’n Intensiewe pastorale opvolg en terapeutiese spreekkamer-bediening wat veral op die gemeenskap gerig is, is op die been gebring en groei steeds. Met die loop van tyd het meer geleenthede na vore gekom waar die gemeente ’n verskil kon maak. Die volgende bedienings is ontwikkel om daadwerklik hulp en hoop te gee:

- ’n Sopkombuis wat ekumenies bedryf word en op die straatmense gefokus is;
- verskaffing van doeke aan verswakte bejaardes en aan drie inrigtings vir gestremdes, fisiese versorging van die gestremdes om die personeel ’n blaaskans te gee en verskaffing van lewensmiddele aan dié inrigtings;
- die opknap van die plaaslike polisiekantore en tuine, voorsiening van skryfbehoeftes, toiletpapier en verfraaiing van kindertrauma eenhede;
- voorsiening van nuwe T-hemde en onderklere aan verkragtingslagoffers by Milpark;
- hulp met hervestiging van ’n gesin immigrante sonder heenkome na hulle terugkeer uit die VSA en
- die verskaffing van speelgoed, kryt en inkleurboeke aan die kinderhof.

Wie baat die meeste?

Hans Kung het by geleentheid gesê: “Die diakonia hou vir die kerk nie geringste waardigheid in nie, eerder ’n vernedering.” Roscam Abbing het gesê: “Diakonia slaan op vrywillige liefdesdiens van die een teenoor die ander, liefde wat uitdrukking vind in ’n konkrete daad van diensbetoning.” Beide stellings is waar – die opvallende is egter dat die gemeente in hierdie tyd tog ook ’n groei beleef het op ten minste drie terreine, al was dit nie primêr ons oogmerk nie.

Daar was ’n definitiewe groei in getalle. Dit was nou nie juis aardskuddend as dit gemeet word aan die groei in mega-kerke nie, maar gemeet aan Hervormde standaarde waar ’n skerp daling in lidmate aan die orde van die dag is, is die meer as 300 mense wat in hierdie tyd by die gemeente aangesluit het, vir ons rede tot groot dankbaarheid. Die getalle van die gemeente groei steeds jaarliks. Daar was ook ander groei – groei na Bo en na binne. Op die ou einde baat óns meer by wat ons probeer doen as enige iemand anders.

Daar is ook gevare. Soms word ons koelbloedig uitgebuit en soms neig ons weer na ’n gerigtheid na binne. Soms wil ons weer voorwaardes stel voor ons help. Soms wil ons moedeloos raak. Gevare sal seker altyd daar wees – dit lyk egter of dit al hoe minder relevant word hoe meer ons probeer uitmaak: Waarom is die gemeente hier? Wat probeer ons as gemeente bereik? Want hoe meer die vraag gevra word, hoe meer kom die besef van hoe min ons nog eintlik doen en hoeveel geleenthede daar werklik nog is waar die kerk van Jesus Christus ’n wesenlike en blywende verskil kan maak deur vir mense hulp én hoop te gee.

Nuttige leesstof

- *Tot Uw Dienst – een diaconaal bijdrage aan gemeenteopbouw* deur Aart Peters. In 2001 uitgegee deur Boekencentrum, Zoetermeer.
- *Conspiracy of kindness – a refreshing new approach to sharing the love of Jesus with others* deur Steve Sjogren. Tiende uitgawe in 2003 deur Vine Books uitgegee, ISBN 1569553343.
- Malan Nel se *Gemeentebou* wat in 1994 deur Orion uitgegee is.
- *Transforming Mission – Paradigm Shifts in Theology of Mission* deur David Bosch (Orbis Books, 1991, ISBN 0883447193).
- Transforming congregational culture deur A T Robinson. In 2003 deur Eerdmans uitgegee, ISBN 0802805183.